higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

WERKSWINKELPRAKTYK
NKR VLAK 2

(12041012)

15 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

362Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	'n Onveilige fisiese omgewing in die werkplek wat tot 'n ongeluk kan lei	A	bedreigings
		B	amper raak
1.1.2	Gebruik van toerusting sonder om te weet hoedat dit gebruik moet word	C	werkfaktor
		D	steierwerk
1.1.3	Enige bron van blootstelling aan gevaar	E	onveilige optrede
		F	elektrokusie
1.1.4	Insidente waar geen beserings of skade plaasvind nie		
1.1.5	Word algemeen gebruik wanneer in hoë plekke gewerk word		

(5 × 1) (5)

1.2 Noem VYF veiligheidspraktyke wat gevolg moet word wanneer goedere of materiaal in 'n werkplek, op 'n vragmotor of enige plek buite die werkplek gepak of gestapel moet word.

(5 × 2) (10)

1.3 Noem VYF hooftipes bedreigings wat besering, siekte of selfs die dood van mense in die werkplek kan veroorsaak. (5)

[20]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Watter EEN is 'n voorbeeld van 'n bestralingsbrand?

A Vuur
B Suur
C Elektriese stroom
D X-strale

2.1.2 'n Toestand waarin die bloedsirkulasie versteur word.

A Infeksie
B Noodhulp
C Skok
D Elektriese skok

2.1.3 Watter EEN van die volgende moet 'n mens gebruik om die risiko van die oordrag van virusse of bakterieë te minimeer.

A Weggooibare handskoene
B Skêr
C Verbande
D Noodhulpwonddekking

2.1.4 Watter een beskryf die tekens van elektriese skok by 'n persoon die beste?

A Bloeding
B Styfheid van die liggaam
C Fraktuur
D KPR ('CPR')

2.1.5 Albei lae van die vel, die epidermis en die dermis, is beskadig.

A Eerstegraadse brandwonde
B Tweedegraadse brandwonde
C Derdegraadse brandwonde
D Vierdegraadse brandwonde

(5 × 1) (5)

2.2 'n Elektrisiën het van 10 m bokant die grond van 'n elektriese paal geval en 'n arm en 'n been gebreek.

2.2.1 Wat is 'n ander term vir gebreekte been?

2.2.2 Wat is die term wat na gebreekte deeltjies van bene verwys?

2.2.3 Watter term verwys na gebroke vel oor die been?

2.2.4 Gee die term wat verwys na die been wat só gebreek is dat dit dwars kraak en oorlangs split.

2.2.5 Noem die term wat verwys na 'n been wat teen 'n skerp hoek gebreek is.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.3 Waarvoor staan die volgende akronieme?

2.3.1 KA ('AR')
2.3.2 KPR ('CPR')
2.3.3 OHSA

(3 × 1) (3)

2.4 Verduidelik die term, *insident*. (2)
[15]

VRAAG 3

3.1 Noem VYF basiese handgereedskap wat 'n elektrisiën sal nodig hê en gebruik om die bedrading van 'n ou gebou oor te doen. Dui ook aan waarvoor die handgereedskap gebruik sal word.
(5 × 2) (10)

3.2 Wat is die gevolge daarvan as 'n hamer met 'n los, gesplinterde of gekraakte handvatsel gebruik word? (2)

3.3 Noem ten minste DRIE areas wat nagegaan moet word om te bepaal of 'n tang in goeie werkende toestand is of nie. (3)
[15]

VRAAG 4



4.1 Noem die kragmasjien in die prent hier bo. (1)

4.2 Noem VIER verskillende handgereedskap wat met die masjien hier bo skerpgemaak kan word. (4)

4.3 Noem en gee 'n kort beskrywing van die dele wat A tot E gemerk is. (10)
[15]

VRAAG 5

5.1 Watter meettoerusting beskik oor 'n deel wat 'n gordelknip ('belt clip') genoem word? (1)

5.2 Watter meettoerusting kan gebruik word om metings oor lang afstande te neem sonder om fisies na die teiken toe te gaan? (1)

5.3 Watter meetinstrument beskik oor 'n deel wat 'n hef ('stock') genoem word? (1)

5.4 Watter meettoerusting het 'n deel wat 'n skuiwende kaak ('sliding jaw') genoem word? (1)

5.5 Watter meetinstrument word gebruik om die lengte van 'n geboë voorwerp te meet? (1)

5.6 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word wanneer 'n lasermeettoestel gebruik word. (5 × 2) (10)

[15]

VRAAG 6

6.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

6.1.1 Waarskuwingsteken is driehoekig.

6.1.2 Verbodtekens het 'n rooi raam en 'n diagonale rooi streep met 'n swart prent en 'n wit agtergrond.

6.1.3 Verpligtingstekens is vierkantig.

6.1.4 Inligtingstekens het 'n wit prent en 'n blou agtergrond.

6.1.5 Algemene tekens is gewoonlik vierkantig met 'n wit beeld op 'n groen agtergrond.

(5 × 1) (5)

6.2 Noem DRIE verskillende tipes hysstelsels. (3)

6.3 Noem die TWEE belangrikste tipes stroppe ('slings'). (2)

[10]

VRAAG 7

Noem VYF stappe wat studente moet volg wanneer hulle soldeerwerk op 'n strookbord ('strip board') oefen of uitvoer. (5 × 2) **[10]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou